Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

WhatsApp: 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch

12 September 2021

09:30 OGGENDEREDIENS EN UITSENDING: Student Barend vd Westhuizen

Ons verwelkom vir teologiese student Barend van der Westhuizen hier by ons en dien die Here onder sy leiding. Welkom ook aan die twee professore van die TSP wat hom vergesel.

Tema: God gee dat ons as sy kinders Hom reg sal ken en daarom bid ons dat Sy Naam geheilig word.

Ons kyk na Sondag 47 waar daar baie sake op die voorgrond is, maar spesifiek is ons aandag op die gedeelte “Gee allereers dat ons U reg ken...”. Verder gaan ons sien hoe die Skrifgedeeltes van 1 Johannes 2:28 - 3:10 & 1 Johannes 5:18-21 belig hoedat ons God se Naam in ons optrede behoort te heilig sodat sy Naam nie gelaster sal word nie. ‘
Ons gaan by twee punte stilstaan, naamlik:

- God gee dit dat ons Hom as sy kinders reg sal ken
- Ons as God se kinders bid dat sy Naam geheilig moet word.

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Psalm 36-1: 2, 3; Votum: Psalm 121: 1-2; Seën; Loflied: Psalm 33-1: 1, 2, 11; Belydenis: Nicea

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Eksodus 20: 1-17; Sing as antwoord op die wet: Psalm 19-1: 6, 7; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 1 Joh. 2:28 - 3:10 en 1 Joh. 5: 18-21
Belydenis: Sondag 47
Sing: Sb 10-1: 1, 2, 3, 4; Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe; Sing: Sb 2-4: 1, 3; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

18:00 AANDDIENS: Ds Piet Venter

Dink aan die moeilikste omstandighede waarin jy jou kan bevind! Dink aan daardie tye wat jy regtig alle moed en hoop verloor het! Dink hoe magteloos en moedeloos kan ‘n mens nie voel nie! En dan hoor jy hierdie uitnodiging van ons Here Jesus:
“Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word”

Is dit nie die wonderlikste woorde ooit nie? Is dit nie die hart van die evangelie- boodskap wat elke mens optel en bemoedig nie? Kom ons dink vanaand weer nuut saam oor gebed en die

wonderlike beloftes wat God daaraan verbind en dan vra ons onsself: Hoekom bid ons so min?

Tema: Hou net aan bid!

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb 15 - 1: 1, 2, 3, 4; Votum; Seën; Loflied Ps 142 - 2: 1, 2, 3, 4, 5 (Mel Ps 134 - 1); Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing en teks: Matteus 7: 7 - 12
Belydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 45 vr 116;
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing: Sb 10 - 2: 1; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

Liefdegawes vandag: Beide kollektes vandag is ons eie Diakonie.
(Gebruik die Zapper App of eft in Diakonie se rekening)

MEELEWING

- Br Douw Kruger se seun herstel stadig maar seker van Covid.
- Sr Marthie Schoeman ervaar baie kroniese pyn en ons bid vir verligting en beterskap.
- Denise Sutherland is met kanker gediagnoseer en in die hospitaal opgeneem vir ‘n operasie en verdere toetse.
- Riana de Klerk se stiefpa is oorlede.
- Pieter Joubert sukkel nog om te herstel na sy been gebreek het, asook ontwrigting van sy heup daarna.
- Ons lidmate wat in die Amelia Sorgsentrum versorg word gaan deur ‘n beproewende tyd en ons dra hulle aan die Here op.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Lana Labuschagne, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Joe Coetzee, Bettie Niemand, Dries en Rita Schutte, asook Douw en Hantie Grobler.

BAIE WELKOM AAN

Eric Aspeling na twee jaar met attestaat terug vanaf GK Messina. Hy woon in Oudebrugweg 26, gr 30.

BAIE GELUK AAN

Nicolaas en Jorette Erasmus met die geboorte van Mianke, hulle eersteling- babadogtertjie. Baie geluk ook aan oupa en ouma Albert en Riana Schutte. Ons is saam met julle bly.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie - Les 21
18:00 Aanddiens
19:00 Ouderlinge-vergadering

Maandag
17:00 Diakonie: Dagbestuur en DG-leiers
18:00 Kersmark

Dinsdag
06:00 Manne gebedsgroep by die pastorie
17:00 Eiendommediensgroep
17:15 Katkisasie gr. 11

Woensdag
17:15 Katkisasie gr. 8
18:00 Katkisasie gr. 9
18:30 Katkisasie gr. 10
18:30 Gebed & Ondersteuning

Donderdag
17:30 Kursus: Verwerking van verlies van ‘n geliefde
18:00 Elim: Bybelstudie

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 12 September
Jsr Juannè Victor
Sr Theonet Viljoen

Maandag, 13 September
Sr Annette Coetsee *
Br Joe Coetzee *
Sr Josephine de Lange
Sr Alta v Zyl

Dinsdag, 14 September
Jbr Frans du Plessis
Sr Christa van der Walt

Woensdag, 15 September
Br Tienie Bezuidenhout
Br Simon du Plooy (Walter Sisulustr)
Jsr Jade Prinsloo

Donderdag, 16 September
Sr Adele du Plessis
Sr Ria Robberts
Br Dries Schutte *

Vrydag, 17 September
Sr Lorette Bester
Br Koos de Klerk
Sr Esmari Rood
Jbr Henlu v As

Saterdag, 18 September
Br Martin Bester
Sr Ena de Bruyn
Sr Nelleke du Toit

* Lidmate met spesiale verjaarsdae bo 75 jaar.

KERSMARK: 22 NOV TOT 4 DES: HELP BEMARK ASB!

- Die Kersmarkkomitee is hard aan die werk om hierdie jaar se Kersmark weer aan te bied! Daar is **vensterplakkate** in die voorportaal van die Skuur. Neem gerus en sit die plakkate asb by julle besighede of werksplekke op!
- Ons het hierdie jaar weer borgskappe nodig om ons projek suksesvol aan te bied. Indien enige lidmate kans sien om op hierdie manier betrokke te raak, kan julle gerus met Rieëtte of Adele skakel.

BYBELLEES-PROJEK

Week 35 (13 – 19 September)

Maandag	Matteus 18:15 – 20:34
Dinsdag	Matteus 21:1 – 22:46
Woensdag	Matteus 23:1 – 24:51
Donderdag	Matteus 25:1 – 26:56
Vrydag	Matteus 26:57 – 28:20
Saterdag	Jakobus 1:1 – 3:12
Sondag	Jakobus 3:13 – 5:20

Stuur jou klagtes of gedagtes, enige navrae of versoeke aan Erasmus Venter by 076 090 4459 of stuur 'n e-pos aan eav.venter@gmail.com

DANKBAARHEIDSFEES!!

Een van die geheime van 'n gelukkige lewe is dankbaarheid. As ons dit kan reg kry om met dankbaarheid te leef, verander dit die wêreld vir ons. Begin ons verby die dinge kyk wat die lewe vir ons moeilik maak en sien ons die seën wat ons het, raak.

Na amper twee jaar van beproewing nooi ons u hartlik uit om as gemeente saam fees te vier en God te dank vir sy genade, goedheid en seën. Hou die datum van 30 Oktober oop vir ons Dankbaarheidsfees. U wil dit nie mis nie.

TOPIA – TOERUSTING MOSAMBIEK

Tussen 10 Junie en 03 Julie het Johannes en teologiese student Morkel Johl Mosambiek besoek. Daar is eers by die *Volta a Biblia* Bybelskool in Macia besoek afgelê. Daar het TOPIA waardevolle lesse geleer wat baie goed by Covenant College in Zambia toegepas kan word.

Daarna is Ds Samuel Capesse wat tolk en Ds Samuel Pedro namens die Thumbine sinode, opgelaai. Die informele saamry en saambly vir 'n paar weke is 'n wonderlike geleentheid om aan mekaar te slyp en mekaar op te bou. Die hooffokus van die besoek was om dissipelskaps-opleiding vir kerkleiers by Chiconono en Mavago in die Niassa provinsie te doen. In Beide die dorpe is mense oorwegend Moslems.

Toe ons by Chiconono aankom, hoor ons dat die gemeente hul Moslem bure ook na die opleiding uitgenooi het. Na 'n paar biddende aannpassings het die opleiding baie goed gewerk. Die Moslems in die dorp is oorwegend

ongeletterd. Hulle het dus weinig kennis van hulle eie geloof en was verwonderd oor wat hulle in die Bybel ontdek het. Een van die jong mans het vertel hoe hy elke dag se ontdekkings uit die Bybel met sy vrou gedeel het. 'n Ander jong gelowige van Moslem agtergrond het oorweeg om 'n tweede vrou te trou omdat hulle geen kinders het nie. Na die ontdekking uit Genesis oor die ontstaan van die huwelik, het hy van besluit verander. Na die opleiding het ons terugvoer ontvang dat beide gemeenskappe se deelnemers besig is om toe te pas wat aan hulle geleer was.

Johannes het vertrek weer DV die 29ste Augustus vir drie weke na *Back to the Bible Mission* in die Barberton omgewing. Daar gaan hy die brief aan die Kolossense met die derdejaars en denke wat Afrika beïnvloed en diensknegleierskap met die eerstejaars behandel.

TOPIA MEDEWERKER: Indien jy fotos en kort beriggies via die TOPIA Whattsapp *broadcast* oor opleidingsreise wil ontvang, **laat weet asseblief vir Lizanne by 084 555 1890.**

Asseblief bid saam, kom help met opleiding of maak 'n koninkryksbelegging deur Zapper, Snapscan of die TOPIA FNB TJEKREKENING: 62769393712 Takkode: 250655.

EFT

TOPIA FNB
Tjekrekening:
62769393712 Takkode:
250655

Zapper

Snapscan

AAN GOD AL DIE EER - IN HOM, DEUR HOM EN VIR HOM!

GKSA NUUS

Beroep aanvaar
Ds Jaco Cronjé van GK Aliwal-Noord na GK Bloempark.

Die Kerkblad
Die Kerkblad is in die voorportaal van die Skuur beskikbaar vir lidmate wat daarop ingeteken is.

WWESKAMP
Wwesskamp is 'n wegbreek geleentheid in die Drakensberge vir senior studente en jongwerkendes. Ons volg 'n ligte program met baie tyd vir ontspan en om die pragtige skepping te beleef. Dit is 'n uitstekende geleentheid om geloofsvriende te maak, weg te breek uit die gejaag van die lewe en om tyd saam die Here in sy skepping te spandeer.

Datum: 23-26 September 2021
Plek: Bergventure in die Drakensberg
Koste: R 1000 pp. (Sluit verblyf en etes in)

Kontak Erasmus Venter by 076 090 4459 vir inskryfvorms of direk vir
Ds. Jacques Tredoux by 084 049 6216.

ALGEMENE INLIGTING

Snapscan
LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Erasmus Venter – 076 090 4459
Kerkkantoor: Adele– 018 290 7690 / 082 532 8658 - kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

SUSTERS IN DIE GELOOF

HOOP IN 'N WÊRELD WAT MET HOPELOOSHEID GEVUL IS.

1 PETRUS 1: 3-4 "...NOU HET ONS 'N LEWENDE HOOP....."

TEESKINKGELEENTHEDE

Ter wille van ons gemeente se veiligheid en ons huidige inperkingsregulasies, sal daar nog nie teen en koffie na die oggenddiens bedien word nie.

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

Oosdoppertjies

Johannes 3:16

Want so lief het God die wêreld gehad, dat hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê.

PRINS AMNON VERMOOR DEUR SY BROER

Paleisverslaggewer

JERUSALEM - Die hele stad is gister tot stilstand geruk deur die skoknuus dat kroonprins Amnon vermoor is. Sover vasgestel kan word, is Absalom, die tweede aanspraakmaker op koning Dawid se troon, die een wat agter die moord sit.

Teenstrydige berigte het aanvanklik die paleis bereik. Die eerste berigte het gelui dat prins Absalom tydens 'n oesfees in Baal-Gasor al die koningseuns vermoor het. Jonadab, seun van die koning se broer Samma en 'n boesemvriend van prins Amnon, het egter aan die koning berig dat dit slegs Amnon is wat vermoor is en dat sy ander seuns veilig is. Kort hierna het die prinse opgedaag. Toe hulle hul vader sien, het hulle hardop begin huil van skok en ontsteltenis en hy saam met hulle.

Prins Absalom het nie na Jerusalem teruggekeer nie. Sover vasgestel kan word, het hy na Gesur gevlug, waar hy glo om asiel wil aansoek doen by koning Talmai.

Mense na aan die koningshuis sê, dat die moord die kulminasie is van twee jaar van bitter vyandigheid tussen Amnon en Absalom. Hoewel dit om verstaanbare redes nie rugbaar gemaak is nie, het Amnon destyds Absalom se beeldskone suster, Tamar, verkrag. Die koning was glo woedend, maar hy het niks gedoen om die onreg reg te stel nie. Absalom het hom oor Tamar ontferm, maar hy het sy halfbroer nooit die onreg vergewe nie.

Lees hiervan in 2 Sam. 13 Bron: Die Bybelkoerant

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

VIVIERS INGELYF

PROKUREURS

Skakel Pierre Viviers vir die volgende regsdienste:

* Opstel van testamente * Boedel- en aftreebeplanning * Bereddering van bestorwe boedels * Stigting van trusts * Registrasie van onroerende eiendom * Siviele litigasie – Hoë- en Landdroshof * Skuldinvorderings * Huweliksvoorwaardeskontrakte * Lugvaartregsdienste * Lugvaartversekering – FSP nommer 43890	**Eerstevloer** **Octrongebou** **James Morokalaan 62** **Potchefstroom** **☎ (018) 297-5201 k/u** **pierre@viviersattorneys.co.za**